WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 01/2020
25/01/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Crow Stannard of the SAAF

Gen Willem Hechter, the previous C SAAF, had informed Chris van Zyl of the Gunners with regret "… that Crow had passed away on 07/01/2020 due to cancer".

2. Afsterwe Chris Wehrmann van die Infanterie

Johann du Preez van die SAWV verwittig met leedwese "… dat Chris op 24/01/2020 in sy slaap aan huis in Valhalla oorlede is. Ulla is Chris se eggenote en haar selno is
082 561 0917, maar rig asseblief navrae aan die seun, Helmut, by 082 784 1683".

3. Afsterwe van Adriaan (At) Schoeman van die Parabats

* Kinnie van Eeden van die Infanterie verwittig met leedwese dat "… At op 18/01/2020 oorlede is en betuig sy innige simpatie vanuit Lubumbashi. 'n Groot legende en Arend het geval. Ons gebede gaan aan sy familie". Ds Nick Ackermann voeg by dat hy "… baie jammer is om van At se afsterwe te hoor. Sterkte aan die familie. Rus in Vrede ou yster".

* At se seun, Stephan, meld dat "…dit vir my Pa 'n lang stryd was maar dit is vir ons 'n vertroosting dat hy nou sonder pyn is. My Pa het baie swaargekry na die beroerte-aanval wat hy in 2015 gekry het. Die gedenkdiens vind om 10:00 op 01/02/2020 by die NG Gemeente Durban-Oos op die hoek van Old Mission- en Bidefordstrate in Grosvenor op die Bluff plaas.. My e-posadres is stephan@afol.com.na. Ek is woonagtig in Namibia waar my selno +264 812 042 034 is".

4. Passing of GC (Gert) Nel of the SAAF

Mike Louw is the National President of the SAAFA and advises "… with great sadness that Gert had passed away in Jeffreys Bay on 20/01/2020. Our sincere condolences to family and friends. Gert had retired as Chief of Logistics of the SAAF".

5. Afsterwe van Kobus Serfontein van Logistiek

Micheline van der Linde verwittig met leedwese dat "… Kobus op 26/12/2019 in die Mediclinic Hospitaal in Midstream oorlede is nadat die kanker hom oorwin het. Kobus se vrou, Petro, se selno is 082 878 2034 en hulle seun, Andries van die Infanterie, se selno is 072 372 9809. Die roudiens het op 03/01/2010 in die NG Gemeente Raslouw in Wierdapark plaasgevind".

6. Passing of Malané le Roux (nee Retief) of the SAN

Arne Soderland has advised with sincere regret "… that Malané had passed away on 29/12/2019 after a long illness. Our deepest sympathy to Andre and their children Nicholas, Robynne and Erin, as well as to her mother Ria and parents in law Peter and Jean. Malané had acted as a Public Relations Officer of the SAN. A memorial service to celebrate the life of Malané was held at the Common Ground Church in Milner Road, Rondebosch on 17/01/2002".

7. Afsterwe van Lt-kol CF (Derick) Crous van die Infanterie

Kol Crous se seun, Derick, verwittig met leedwese dat "… my Pa op 16/01/2020 weens nierversaking in 1 Mil Hosp oorlede is. My selno is 061 278 9127. My Pa se laaste aanstelling voor aftrede was as Bev HK Eenh by HK Kmdmt Natal. My Pa se roudiens sal om 11:00 op 01/02/2020 te Leribisi Lodge, Plot 82 in Tierpoort plaasvind".

8. Passing of WO2 Johan (Smiley) Smallberger of the Infantry

David Peddle of the Infantry advises with regret "… of the passing of Johan, known as Smiley, on 12/01/2020 of a suspected heart attack at his home in Oudtshoorn. Smiley was stationed at the SA Inf School. He is missed by his wife Laurette, and his daughters Joanette and Johané. The family intends holding a private cremation, but a memorial service took place on 23/01/2020 at the SA Inf School".

9. Afsterwe van Mark (Gypsey) Mullen van Logistiek

Ed Ruziecki van Logistiek verwittig met leedwese dat "... Gypsey op 10/01/2020 op 'n tragiese wyse in die ouderdom van 66 oorlede is. Gypsey was n KDK offisier wat in laat 90s die diens verlaat het. Gypsey het in die laat 1990s die diens verlaat Gypsey was rolstolgebonde weens die verlies van sy been en is deur rowers in sy huis in Kunenepark, Port Elizabeth doodgesteek. Gypsey se begrafnisdiens het op 16/01/2020 vanuit die Sacred Heart Catholic Church in Port Elizabeth plaasgevind".

10. Passing of Margie Barnard : Wife of Preston Barnard of the SAN

Angel Soderlund advises with regret of the passing "…of Margie on 07/01/2020 at home after a short illness. Our sincere condolences to Preston, Kellene, Kerry-Ann and Stephen as well as son-in-law Tim and grandchildren Laney and Bobby. A full requiem mass was held for Margie on 16/01/2020 at St Simon and Jude Catholic Church in Simon's Town, followed by a wake at the Seven Seas Club".

11. Terugslag vir Genl PW van der Westhuizen van die Infanterie

Chris van Zyl rapporteer dat genl Wessie geval en sy been gebreek het.

12. Terugslag vir Attie Keeve van die Infanterie

Attie het op 05/01/2020 asemnood ontwikkel en is die volgende dag by Unitas Hospitaal vir behandeling van infeksie van 'n hartklep en 'n spier in die bobeen en water op die longe opgeneem. Attie is reeds na 'n algemene saal oorgeplaas en sal moontlik eersdaags ontslaan word, maar behandeling met antibiotika sal vir nog 'n maand by die huis plaasvind. Vervanging van die hartklep sal oorweeg word sodra Attie voldoende herstel het. Attie se selno is 083 928 0959.

13. Terugslag vir Eddie Dert van die SALM

Jaap Rossouw van die SALM Vereniging rapporteer dat Eddie by sy huis geval en kopbeserings opgedoen het en word in die Eugene Marais Hospitaal in Kaapstad verpleeg. Chris van Zyl van die Geskut noem dat Eddie se vrou, Joan, terselfdertyd 'n maagoperasie ondergaan het.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

14. Persoonlike Nota van Dr Leopold Scholtz van die infanterie. Leopold is ‘n historikus, befaamde skrywer en kommentator en verwittig soos volg:

“Ek wil die Militêre Veterane in kennis stel dat ek met 'n aggressiewe vorm van akute leukemie gediagnoseer is. Sonder behandeling kan 'n begrafnis binne ses maande verwag word. Gelukkig is daar 'n nuwe middel met die naam Vidaza, wat reeds by ander mense belowende resultate opgelewer het. Ek is rustig en is in die hande van 'n bekwame Onkoloog en die Hemelse Vader. Voorspoedige 2020 vir almal!

15. Huldeblyk aan At Schoeman van die Parabats

Sarel Myburgh van die Geskut verklaar dat hy “… en At vir 42 jaar bevriend was nadat ons in 1978 in Potchefstroom kennis gemaak en het ‘n vriendskap ontstaan wat tot met sy dood gestrek het. Na ek uit diensgetree het, het At my in Oman, Dubai en in Botswana besoek. Hy was lief vir reis en het die wêreld deurkruis deur 61 lande te besoek, veral met die be-oefening van die valskerm- en fietsry sportsoorte. At het oor ‘n groot kennis van sport en sportmanne beskik, maar het ook ‘n grondige kennis van algemene wêreldsake gehad.

Met sy fisieke krag het At deelgeneem aan 12 Cape Argus kompetisies, 19 SA Swem kampioenskappe (meestal Meesters), drie Swem Wêreld-Meesterskampioenskappe, 17 Midmar Myl swembyeenkomste, drie Wêreld Bergfietskampioenskappe en een Wêreld Baan en een Padkampioenskap deelgeneem. Van die ouer soldate sal kan getuig van At se welslae as atleet en was dan ook die Moderne Vyfkampspringbok in Australië in 1968. Van sy tydgenote het vertel dat At nie gehou het van verloor nie. At het die kroon as Fikste Soldaat in die SA Leër verower en het ongeveer 1 000 valskermspronge uitgevoer. In 2014, op 73 jarige ouderdom, behaal hy die 11de plek op die Internasionale Leapfest Valskermkompetisie in Rhode Island, Amerika.

Deur die jare het At mense altyd met respek behandel en het hulle aan sy lippe gehang wanneer hy oor sy lewensingesteldheid gepraat het. At was vir my ‘n lojale vriend deur dik en dun. Die magdom medaljes wat hy oor jare verower het, is vandag stille getuienis van hierdie merkwaardige atleet”.

16. Huldeblyk aan Kobus Serfontein van Logistiek

Ed Ruziecki van Logistiek verklaar ... dat Kobus ‘n boorling van Upington is. Hy het onder andere as SO1 Log by HK Sektor 20 in Rundu gedien en het Bevel- en Stafkursus G8701 suksesvol meegemaak. Hy was ‘n kundige en ons sal hom onthou. Kobus se stokperdjie was die opknap van motors en ek onthou goed dat daar altyd onderdele op die Flossie na Rundu was!”

17 Johan (Wynie) van Wyngaard van Leërinligting oor die Makkers in Bloemfontein

“Ek het die gebruik die afgelope paar jaar om deurlopend met van ons senioroffisiere en -onderoffisiere in Bloemfontein en die omgewing kontak te maak om te bepaal hoe dit gaan. Hierdie Veterane het nie noodwendig kontak met mede oud-kollegas soos in ander stede, waar daar ‘n groter teenwoordigheid is nie en dan raak hulle net ouer en eensaam. Het onlangs by twee geleenthede by genl Willie Meyer besoek afgelê. Oom Willie sê dit gaan goed met hom, maar mev Meyer is nie gesond

nie. Hy stuur egter groete aan al die Veterane. Hy het nou die voorwoord geskryf vir my boek oor Sektor 20 en 70 wat ek beplan om in Mrt 2020 te publiseer".

18. Chris van Zyl van die Geskut oor die Ou en die Jong Dae

"In Nov 1966, 'n paar weke voor ons uitpasseringsparade by die SA Leërgim het ons KOe per trein na die Kaap gereis vir 'n besoek aan die SA Lugafweerskool in Youngsfield en ander korpskole, sodat ons oor ons korpse van die SA Leër kon besluit. Vir die eerste keer het ons met 'n ware Offisiersmenasie kennis gemaak toe ons in 'n statige ou gebou in Wynberg tuisgegaan het. Die gebou was oorspronklik bestem om per skip uit Brittanje na Indië gestuur te word, maar is tydens die Anglo/Boere-oorlog in die Kaap onderskep om as 'n hospitaal te dien. Min het ek geweet dat die Kaap, en Wynberg in besonder, die plek sou wees waar ek amper vier dekades later die laaste paar jaar van my loopbaan in uniform sou deurbring. Nog minder sou ek ooit kon droom dat ek ook gasheer sou wees vir uitgenooide gaste tydens 'n formele ete in Wynberg se Offisiersmenasie 'n week voordat die pragtige gebou in vlamme sou opgaan, nadat 'n brand in die kombuis ontstaan het. So loop die lewe maar".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

19. Statement by Mike Louw : National President of the SAAFA

SOUTH AFRICAN AIR FORCE ASSOCIATION

"Seventy-Five Years of Camaraderie, Remembrance, Service and Support"

National Head Quarters

MEMORANDUM TO ALL SAAFA MEMBERS

24 January 2020

The SAAF Association, while cognisant of the political circumstances in which the SAAF finds itself, and whilst acknowledging that the SAAF recognises its full history, regrets nonetheless that they are prevented from using the numerals 100 or the word centenary in their logos and slogans. It is of course this very fact that gives the SAAF the distinction of being the second oldest independent Air Force in existence.

As SAAFA we need to respect the inner workings and unique situation in which the SAAF finds itself and thus support the upcoming activities where the SAAF will be celebrating 25 years of democracy and commemorating the collective heritage of the Air Force.

We request that the unique prevailing circumstances be recognised as such and that SAAFA and its members give every possible support to the SAAF, its Squadrons and Units, and most essentially, its members.

With best SAAFA wishes,

Mike Louw

M.J. Louw
National President: SAAFA

20. Islamic State (IS) May be Controlling Jihadist insurgency in Mozambique

In Daily Maverick's issue of 10/01/2020 an article appeared noting that Mozambican soldiers in the Northern Cabo Delgado Province have been attacked by a local jihadist group, Ahlu Sunnah Wal Jammah (ASWJ). There have been around 350 such incidents since the suspected insurgency by this local jihadist group, which has launched attacks on police and military bases since Oct 2017, coinciding with a brutal terror campaign directed mainly at unarmed civilians. Gruesome photographs of

mutilated and beheaded bodies have circulated on social media. The death toll of this insurgency stands at over 600. Many more have been injured or internally displaced, some intelligence sources say.

IS has so far claimed responsibility for 27 of the attacks, which raises the questions of whether ASWJ is the local affiliate of IS. IS may also be claiming credit to boost its public stature, especially since the loss of face caused by the fall of its caliphate in Syria and Iraq
This may in part be through Islamic State Central Africa Province (ISCAP), which has claimed responsibility for some attacks.

Note. I would be surprised if there is not already an active cell of IS amongst the Muslim community of South Africa.

21. Eskalasie van die Stryd in Mozambique

Die skrywer, Al Venter, verwittig dat hy vir "… die redakteur van Rapport, Waldimar Pelser, ingelig het dat ek van die redakteur van Jane's Defence Weekly verneem het dat 'n Mosambiekse Mi-17 helikopter met 'n lugafweermissiel in Cabo Delgado afgeskiet is. Dit plaas die guerrilla-oorlog in Mosambiek in 'n heel ander kategorie".

22. The Forgotten War In the Central African Republic (CAR)

Al Venter has provided the first of his two-part feature that appeared in *Air Forces Magazine* in the USA. The article states that the "… war correspondent and Africa specialist, Al J Venter, reports from Bangui in the CAR on the ongoing conflict in the region, now in its seventh year and one in which air power is playing an important part". The article can be read on the Web Page of the magazine, or requested from Al at venter.al@gmail.com.

Al says that he "… intends to return to Central Africa to re-join the Portugese Parabats. They are very efficient. They have been involved for three years and have suffered no serious casualties".

23. President Trump Discusses the War in Afghanistan with WOs and NCOs. Angel reports in his MN that according to the Web Page of Task and Purpose, the US President has made a habit of the following:

President Trump has held private meetings with enlisted troops to candidly discuss the war in Afghanistan, after declaring that he does not want any officers present. Months after becoming president in 2017, Trump began with these meetings in order to get a better understanding of America's longest war. "I don't want any generals in here and I don't want any officers". Compared to their commissioned counterparts, enlisted troops are unencumbered by the politics of the military, and may have given an unfiltered assessment of the war. One of the first groups of Afghanistan veterans to speak with Trump was USN SEALs who spoke critically of the war. "It is unwinnable. NATO's a joke. Nobody knows what they're doing" the SEALs told Trump. "We do not fight to win. The morale is terrible. It is totally corrupt. The officials in the government are awful people. They lie to you".

"At a press conference trump said that he had heard the ideas of the people on the ground. One day later Trump was said to have met with senior US military officers in the White House, where he stated

that “… the enlisted members I spoke with know a lot more than you generals" and that “… we are losing in Afghanistan”. Trump also compared the senior military leaders with a consultant for a Manhattan restaurant. Instead of heeding the advice of an overpaid consultant who merely suggested expanding a kitchen for renovations, Trump argued that it would have been more prudent, and cheaper, to solicit the advice of waiters from the restaurant.

24. Indian Navy Bans Use of Smartphones

Arne reports in his MN that the stringent step to bans the use of smartphones and social media at Naval Bases and Warships has been taken after seven Navy personnel were caught leaking sensitive information to enemy intelligence agencies on social media. All social networking platforms including Facebook, Instagram, WhatsApp and other messengers will not be allowed further at Naval Bases and Ships. All the seven sailors involved in the racket were arrested. It may be noted that the accused sailors were sending sensitive details related to naval vessels and submarines to Pakistan.

25. US Coast Guard Cutter Intercepts Cocaine on a Low-Profile Go-Fast Vessel

The photo shows the Coast Guard Cutter, Bertholf, interdicting a low-profile go-fast vessel near the coast of South America. More than 18 000 pounds of cocaine, worth an estimated $312 million, was found on the craft.

TOEKOMSTIGE OORLOë

26. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

27. Swak Behandeling van Bejaarde Dame in 1 Mil Hosp

* Agtergrond

Mnr Coenie Ackerman het ‘n berig en fotos op FaceBook geplaas, waarin genoem word dat sy skoonmoeder, ‘n 84 jarige Militêre Veteraan, op 24/12/2019 deur haar dokter na
1 Mil Hosp vir behandeling van kanker en dimensie verwys is. Met besoek van haar seun op Kersdag het hy sy Moeder gevind waar sy op en af in die gang geloop het om te vra dat iemand haar help. In die kamer het haar seun verbande op haar hande en om haar bene gesien en afgelei dat sy aan die bed vasgemaak is. Sy het veelvuldige kneusmerke gehad en ‘n Pasiënt het aan hom genoem dat sy Moeder deur die nag agter die deur in angst weggekruip en die verpleegpersoneel versoek om ons skakel, wat hulle geweier het om te doen. Haar seun het haar toe terstond uit 1 Mil Hosp verwyder. Coenie noem dat haar dokter wat haar verwys het, besig is met ‘n ondersoek oor die behandeling wat sy pasiënt ontvang het. Coenie verwittig ook dat sy skoonma na die voorval steeds baie getraumatiseerd is, maar nou deur die familie in ‘n inrigting geplaas is waar sy puik behandeling ontvang en baie gelukkig is, al kos dit R18 000 per maand. Ek soek geregtigheid en optrede vir die swak behandeling, om te verseker dat ander Veterane nie ook so behandel word nie. Ek ontvang nou waarskuwings van kennisse dat niemand hulle ouers vir behandeling na 1 Mil Hosp moet stuur nie”.

* Kommentaar deur Tony Dippenaar van Cela

“Ek het groot begrip dat so ‘n gebeurtenis vir die naasbestaandes erg ontstellend was, maar ons moet in sulke emosioneel-tergende omstandighede probeer kalm bly. Dit is natuurlik onaanvaarbaar dat ‘n pasiënt aan haar bed vasgemaak word, want so iemand verg deurlopende toesig om te keer dat hulle uit die bed klouter of val. Broos bejaardes kneus baie maklik en die merke sal nie noodwendig op geweld dui nie. So ‘n voorval is onaanvaarbaar en moet deur die onmiddellike familie op ‘n kalm en objektiewe manier onder die aandag van Bev 1 Mil Hosp gebring word. Die onmiddellike familie het ‘n direkte belang daarby en kan natuurlik ook oorweeg om ‘n klagte by die ‘Health Professions Council’ in te dien”.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

28. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

29. Memorabilia

* In die vorige Nuusbrief het Koos Pretorius van die ADK vertel dat hy verskeie oudhede van sy oorlede skoonpa, lt-genl Hennie Kotze van Logistiek, ge-erf het. Deel daarvan is die lanyard en mes wat op die foto links onder verskyn en dat hy probeer om die oorsprong van die twee items te bepaal. ‘n Vriend het die foto van die mes op die Internet nagegaan en volgens hom kan dit mes moontlik ‘n vlootitem wees, want die skerp pen was skynbaar gebruik om dik toue mee uit te rafel.

* Evert

Groenewald van die Duikbote het die foto regsbo verskaf van die mes wat in die ou dae aan seemanne uitgereik was, soos wat dit op die skakel by https://www.samilitaria.com/SAM/product/7404-sa-naval-forces-clasp-knife-rodgers-ref-south-africa/ te sien is. Die mes van genl Kotze het egter 'n bliksnyer om die bully beef mee by te kom, dus dit moes dit 'n voorraaditem van die SA Leër gewees het”.

* Arne Soderlund stem later met Evert saam en noem dat “… terwyl die SAV soortgelyke messe uitgereik het, het dit nie die blikoopmaker gehad nie en dat genl Kotze se mes die ‘British Army Folding Knife’ van die middel van die vorige eeu is”.

30. Redakteurs van die Gewapende Magte se Nuusbriewe in 1986

* In die vorige Nuusbief het die foto hieronder van die RSA se Gewapende Dienste se redakteurs van hulle vaktydskrifte verskyn. Heel links staan kol P. Coetzee, destyds SSO Tydskrifte van die SAW. In die berig is genoem dat kmdt H. Moody op daardie stadium die redakteur van Paratus was en dat hy later deur kol ACJ Collocot opgevolg is.

* Dr Neels Nöthling, Krygshistorikus van die SAW, reageer en noem dat “… dit nie korrek is dat Tony Collocott vir John Moody as redakteur van Paratus sou opgevolg het nie. Collocott was 'n opvolger as SSO Tydskrifte en dus hoof van Moody as die redakteur. Laasgenoemde was reeds op Hermanus afgetree ten tye van Collocott se oorlye in sy amp”.

31. <u>Optrede teen die Onwillige Amptenary</u>. AP Stemmet van die Kavallerie onthou die volgende:

“Einde 1975 was ek Ondersekretaris van Dept Justisie en Adv Klaus von Lieres , Adjunk Prokureur-generaal en as lede van die B Mag is ons deur eenhede vir diens tydens Op Savannah opgeroep. Na ons terugkoms werk ons toe ‘n bietjie rof met amptenare van die departement wat onwillig of traag was om aan die oorlog deel te neem. Kyk hoe spot hulle toe hieronder met die twee bloeddorstige krygers in Justisie se sosiale blad, Nuntius.

Gelukkig het daar niks in Nuntius verskyn van ons twee se volgende veldtog nie, want Justisie se Hoofrekenmeester stuur ‘n kennisgewing van die Staatsdienskommissie uit dat alle staatsamptenare, wat behalwe ‘n karige soldy ook nog ‘n operasionele toelaag gekry het, dit van daardie maand se salaris verhaal sou word. Ons twee organiseer toe ons eie veldtog. Eerstens dreig ek die Hoofrekenmeester om sy pote tuis te hou. Toe pak ons die magtige Staatsdienskommissie wat vinnig skuilplek soek en beweer dat H Leër dit goedgekeur het. Toe pak ons die magtige genl Magnus Malan en dreig hom dat ons die B Mag sou lamlê deur vrywilligers wat ook staatsamptenare was, aan te moedig om te bedank. Elke regiment se leiersgroep was vol van hulle. Hy pleit toe onskuldig maar belowe dat hy met die Staatsdienskommissie sou onderhandel om die onsinnige opdrag te kanselleer. Hy sou ook vasstel wie namens hom opgetree het. Die Staatsdienskommissie se opdrag is toe wel vinnig gekanselleer!”



32. Challenge Coin of the SA Inf School

* Reference is made in the new issue of Military Despatches to these coins issued at the SA Inf School. Comment on the purpose of these coins would be appreciated.

33. Chris Serfontein van die Donker Hande

“Ek herken nie hierdie munte nie en in my tyd as Bev SA Inf Skool was dit nie in gebruik nie. Die volgende penning was wel uitgegee ter herdenking van die SA Inf Skool se mondigwording, waarvan ek nog Penning nommer 8 het, maar dit lyk nie soos die voorbeeld hierbo nie.

34. Honouring 2 Sqn and the SAAF

In the Newsletter of Sep 2019 posted by the East Rand Branch of the SAAF Association, it was explained that 2 Sqn was SA's contribution to the United Nations war effort during the Korean War from Nov 1950 to Dec 1953. 2 Squadron was attached to 18 Fighter/Bomber Wing of the USAF for the duration of the war. Initially flying the P-51 Mustang, the squadron re-equipped with the F-86 Sabre in Feb 1953. During the war the squadron flew a total of
12 067 sorties, of which most were dangerous ground attack missions. 74 of the 94 Mustangs and four of the 22 Sabres were lost, along with 34 pilots. For its actions, the squadron received the Republic of Korea Presidential Unit Citation, the US Presidential Unit Citation, and numerous other awards and decorations. The CO of 18 Fighter/Bomber Wing issued a directive at the end of the war that “… in memory of our gallant SA comrades, it is hereby established, as a new policy, that at all Retreat Ceremonies held by this Wing, the playing of our National Anthem shall be preceded by playing the introductory bars of the SA National Anthem, 'Die Stem van Suid-Afrika'. All personnel of this Wing will render the same honours to this Anthem as our own”. Note. It would be interesting to know whether this practise is still followed to this day. Probably depends on whether this USAF unit still exists.

NUWE MILITêRE BOEKE

35. *Ons Was Daar Sektor 20 en 70*

Johan van Wyngaard van Leërinligting verklaar dat “… nadat Paul Els se boek, *Ons Was Daar Sektor Een Zero,* gepubliseer is, het hy my gevra om ‘n boek oor Sektore 20 en 70 te skryf, omrede ek in beide die Sektore gedien het. Die boek handel oor die geskiedenis, omgewing, terrein, bevolking en dan die

SWAPO bedreiging, ondersteun deur die Russe, Kubane, Oos- Duitsers en die betrokke Afrika lande van waar hulle opgetree het. In die boek word ook die eenhede in gebied en beskryf van die belangrikste operasies, soos Modular, Hooper en Packer, wat vanuit hierdie gebiede gevoer is. Dit bevat verhale wat nog nooit omskryf is nie en die belewenisse van bekende persoonlikhede soos Hans Moller, Chris van Zyl, AK de Jager, Nic Pretorius, ds Johan Smit, Johan Swanepoel, Fred Oelschig, As Kleynhans, Cor van Niekerk, JR Liebenberg, Mucho Delport van 32 Bn en van vele ander wat in hierdie twee Sektore se eenhede gedien het. My doelwit is om die boek teen einde Mrt 2020 bekend te stel".



PAUL ELS SE BOEKE

36. NTR

WELSYNSWERK

37. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

38. Vandale in die Begraafplaas

Jaco Steenberg van die SAWV verklaar met weemoed "… dat 'n paar jaar gelede het vandale die oorspronklike beeldjie op wyle Johann Raubenheimer Meyer van 32 Bn se graf in Oudtshoorn afgebreek. Ons laat toe 'n nuwe beeldjie maak en plaas dit weer op Johann se graf. Twee jaar later het die barbare weer toegeslaan en dit is al wat van die nuwe beeldjie oorgebly het. Dit laat 'n mens sidder. Is dit die moeite werd om dit weer te doen of moet ons nie eerder n gepaste plek kry waar ons al Oudtshoorn se gesneuwelde soldate saam herdenk nie?. Is 'n senotaaf miskien die oplossing?"

39. Onderhoude met die Media. Eugene Opperman van die SAP se Skakelafdeling rig die volgende waarskuwing, wat vir die doeleiendes van die Nuusbrief effens verkort is:

“Moet nie die media vertrou nie en beskou altyd alle mikrofone en televisiekameras in jou omgewing as lewendig, selfs mikrofone en kameras wat tot 15m van jou af staan. ‘n Mens kan ‘n helse stel so aftrap as jy joernaliste se woord glo dat kameras en mikrofone afgeskakel is. ‘n Offisier van die SAP kry een naweek ‘n oproep van SABC-TV om ‘n dringende onderhoud met hom te voer en gaan na sy huis waar hy in die tuin doenig is. Hy noem aan die televisiespan dat hy sy uniform wil aantrek, maar hulle sê hy moet nie moeite doen nie en net sy uniform se hemp met rangtekens aantrek, dan neem hulle net sy bors en kop af. Hy vertrou hulle en gaan sit hy op die rusbank met net die uniform se hemp en verder net sy tuinkortbroek en plakkies aan. Daardie aand sien hy dat SABC-TV hom net so met kortbroek, plakkies en uniformhemp op die nuus geplaas het!

Bly weg as julle deur die media vir kommentaar of ‘n onderhoud genader word as julle nie die dinamika van mediaskakeling goed ken nie. Dit is moeilikheid soek om as leek en onervare persoon betrokke te raak, want ek het nou nog nie geleer om ‘n joernalis te vertrou nie. As jy vir kommentaar of ‘n onderhoud genader word, moet jy weet dat hulle oor inligting beskik en reeds navorsing oor die onderwerp gedoen het”.

40. Kommentaar deur Wouter Basson van die Medics en Befaamde Kardioloog in Kaapstad

“Ek stem heelhartig met Eugene saamstem. Ek stoei nou al sedert 1992 met die media, maar gelukkig het die SA Leër se Bevel- en Stafkursus my voorberei vir hulle lokvalle. Die lengtes is skrikwekkend waartoe hulle sal gaan om ‘n onderhoud te manipuleer om die gewenste effek te verkry. Om ‘n verskrikte respons uit te lok het hulle al probeer om ‘n skielike geraas te maak, met die doel om ‘n verskrikte gesigsuitdrukking in te las net na die onderhoudvoerder ‘n bepaalde vraag gevra het. So kan hulle beelde en klank vermeng om jou swak te laat kyk. As algemene beginsel weier ek onderhoude behalwe as dit lewendig uitgesaai word en laat nie opnames vir latere gebruik toe nie. Doen ook altyd moeite om navorsing oor die onderhoudvoerder te doen. Johan Rupert is nou nog spyt dat hy dit nie gedoen het nie. Groete aan almal vanuit Durbanville!”

41. Herinneringe aan die Lewe op Grootfontein

Nela Chambers van die Seiners vertel dat sy sopas “…Deon Lamprecht se boek *Tannie Pompie se Oorlog* gelees het en watse herinneringe het dit terug gebring. Ons is as jong getroude paartjie Grootfontein toe in 1979 en ek was by 6 Seineenh en my man by 16 Ondh Eenh. Ons was nie in die operasionele gebied nie, maar het met die seine en sitrappe wat oor die kletterende teleksmasjien ingekom het, ‘n goeie idée gehad van wat aangaan. Ons het gou geleer om die tekens te lees as daar ‘n groot operasie aan die gang is. Geheime dringende seine wat inkom, groot voorrade ammunisie, voertuie en rantsoenpakke wat Noord gestuur word, vliegtuie wat land op Grootfontein se lughawe met nuwe soldate en konvooie wat die dorp verlaat. Wat my die meeste ontstel het was die Kriptograaf se grys uitdrukking op die gesig wanneer ‘n geheime sein ontvang is wat die name van ongevalle bevat het. By siekeboeg was dit ‘n harwar om die gewondes voor te berei vir ‘n vlug na 1 Mil Hosp. Ons het baie na LMB Waterkloof gevlieg en onthou die verslae gesigte van die manne wat vanaf die grens kom en die blydskap as daardie vliegtuig op Waterkloof land. Al het ons hulle nie persoonlik geken nie, raak ons nou nog hartseer oor al die verliese. Ons het UNTAG beleef en was van die laaste mense wat in 1989 uit Grootfontein onttrek het. Altwee my kinders is trots daarop dat hulle in SWA gebore is. Wens ek kon die plekke nog net weer eenkeer sien”.

42. Hulp aan die Boere in die Noord-Kaap

Tony Dippenaar van Cela verduidelik dat “... daar gebiede in die RSA is wat steeds onder ernstige droogte gebuk gaan en waar die boere ‘n sukkelbestaan voer. Die veld is kaal, die vee en wild vrek, terwyl daar nie geld vir voer, branstof, krag en ander lewensmiddele is nie. In die Noord-Kaap is daar skoolkinders wat nog nooit reën gesien het nie. Radio sonder Grense het in samewerking met NG Gemeentes in die Noord-Kaap ‘n projek om geld in te samel in n poging om ‘n mate van verligting te bring. Bydraes kan in die volgende bankrekening inbetaal word:

NG Kerk Noord-Kaap
ABSA Tjekrekening no 9405806684

Takkode 500902, Kimberley.
Verwysing is ‘Droogte’ en skenker se naam.

Kom makkers, ons het al voorheen opgestaan om getel te word. Dis nou weer sulke tyd.
Beste Wense aan almal vir 2020”.

43. Military Despatches of Jan 2020

William (Robbie) Roberts of Signals announces that this excellent monthly publication by Matt Tennyson is available on the Net for your reading pleasure. This issue features a number of interesting articles, amongst others about traditions of the US Armed Forces. One of these is that when a Paratrooper has qualified, a special tradition follows when he is awarded his wings. The senior instructor will pin his wings, but there are no backing studs on the pins. The instructor will punch the wings hard enough for the pins to penetrate the skin and draw some blood. That is why they are known as ‘blood wings’. Note. Sounds a bit fishy. Could one of our Paratroopers confirm this tradition in the USA?

44. Newsletter of the Naval Officers’ Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Jun 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

45. Media Statement by the SA Gunowners’ Association (SAGA)

Paul Els has provided this statement in which SAGA condemns the irresponsible remarks made by the Minister of Police on 14/01.2020 when he accused guns of causing violence while at the referring to proposed amendments to the Firearms Control Act, which would restrict a person to owning not more than one firearm. The Minister also disclosed his personal agenda by stating that he would prefer that private citizens should not own firearms at all. This is an unambiguous indication of the government’s intention to disarm civilians. Perhaps his advisors should tell the Minister that if guns cause crime, then pencils cause spelling mistakes and cameras cause pornography. He has the audacity to state that only the military and the police should be armed. The lack of discipline, low productivity and the high rate of criminality and loss of firearms is a major contributing factor for the distrust that citizens have of the Police.

46. Fast and Slow Currents of the Oceans. Angel has provided this sketch of a ship that in 1992 lost some 29 000 rubber ducks in the middle of the Pacific Ocean after departing from Hong Kong. The sketch indicates that it took some 15 years for some of the rubber ducks to reach the shore.



NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

47. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

48. Die SAWV Waarsku oor ‘n Nuwe Slenter

Jaco Steenberg van die SAWV waarsku dat ‘n persoon Militêre Veterane skakel en hulle nooi om teen ‘n maandelikse fooi aan te sluit sodat hulle vir jou sake by die Dept van Militêre Veterane (DMV) kan doen. Registrasie by en die voordele van die DMV is gratis en dit is nie nodig om iemand te betaal om dit vir jou te doen nie. Die SAWV bedryf sake met die DMV as 'n projek en doen dit gratis vir ons lede. Moet nooit jou bankbesonderhede oor die foon aan enigiemand verskaf nie. Een van die nommers wat hulle gebruik is 087 655 4199 en hulle poog om jou bankbesonderhede te kry, sodat hulle jou bankrekening kan leeg trek.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

49. Oogklappe in die Suid-Kaap

AP Stemmet verklaar dat “… hier in my kontrei wil meeste pensionarisse, hetsy burgerlik, militêr, polisie, sommer al die dissiplines, net blykbaar aftree en nie gepla word met die werklikhede nie. Hulle standpunt is een van ‘… wat bodder julle, ek kry dan mos my maandelikse pensioen’. Die klompie hier wat nie oogklappe aan het nie, stry 'n opdraende stryd, maar ons gaan nie moed opgee nie”.

50. Statement Issued by AP Stemmet on Behalf of AMAGP Regarding Fears of Insolvency

It is clear that the pension fund is on a steep down road spiral and if the trend continues the strain on the fund to honour its long term responsibilities will continue to increase. The income on investments is not sufficient and only 59% of the contributions by serving members to their Pension Fund have been channelled to the Public Investment Corporation to be invested. The full statement is available on the link at https://www.amagp.co.za/media/amagpstatementgepfactuarialreport17mar19complete.pdf.
The GEPF's pension liabilities, on average, increase by approximately R125 billion per year, while assets only increased by R17 billion since the prior year. The fact that the annual increase in assets

cannot match or exceed the increase in pension liabilities, indicates and ensure that the funding ratio is decreasing by +-5% per annum. We may very well have reached the point where assets are less than pension liabilities and if so, we have the unfortunate situation where the Fund is not solvent anymore.

51. Behoefte dat die GEPF Ondersoek Word

AP noem dat daar "… gewag word vir die Mpatikommissie se verslag oor die OBK, maar daar bestaan die indruk dat die Pensioenfonds ook ondersoek is. Dit is egter slegs die OBK wat aangespreek is en verslaggewers verstaan steeds nie dat die OBK en GEPF twee aparte entiteite is nie en dat die GEPF dus nie ondersoek is nie. Ons moet dit by elke geleentheid regstel. Daar moet besef word die OBK is 'n staatsbeheerde instansie, terwyl die GEPF en sy Raad van Trustees 'n vakbondbeheerde instansie is. Die GEPF bestuur die Pensioenfonds en benut die OBK as sy beleggingsagent. Die Raad van Trustees bestuur die Pensioenfonds in sy peetjie in en 'n behoorlike ondersoek na die GEPF mag wenslik wees".

52. New Issue of the GEPF Monitor

GEPF Monitor No 01 vir 2020 is available on the Net.

53. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1 000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

54. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

55. Infanteriste is Plesierig :Hinderlaag

Hou die webtuiste dop vir die Hinderlaag program – Hinderlaag Program

56. Funksionering van Klub Omuthiya in Bloemfontein

Johan (Wynie) van Leërinligting noem dat hy 'n "… lid van hierdie klub is. Dit is etlike jare gelede deur 'n aantal makkers gestig wat as NDPs saam aan Op Askari as lede van 61 Meg Bn deelgeneem het. Die klub is egter nie by 61 Meg Bn se Veteranevereniging geaffilieer nie. Lede van die Staandemag het mettertyd ook by die klub aangesluit die lede is nou van al die weermagsdele en korpse. Ons hou elke jaar op Herdenkingsdag 'n parade en kerkdiens by die SA Pant Skool saam met verskeie ander organisasies, terwyl ons ook een keer 'n maand gesellig saam verkeer. Die voorsitter is Reg Walkerley en ons klubhuis is 'n opgeknapte kaserne in 1SDB se lyne waarvoor die voormalige H Leër, lt-genl Yam ons lewenslange gebruikreg gegee het. Bekende plaaslike Veterane soos genls Willie Meyer, du Plessis, Mos Grobler en Hans Heinze is lede van die Klub.

Dit is ook ‘n doel van die klub om jaarliks fondse in te samel om ‘n motorfietsgroep, ‘Dogs of War’, waarby Ep van Lill van die Meg Infanterie prominent is, te help om behoeftige Veterane en selfs SAP-lede met onder andere rolstoele te ondersteun. Skrywers soos Wynand du Toit, dr Louis Bothma en andere het ook al hulle boekbekendstellings daar gedoen. Roland de Vries is uiteraard van tyd tot tyd ‘n spesiale gas wanneer hy Bloemfontein besoek. Veterane wat by die klub wil aansluit is welkom om my op johanvwyn@gmail.com te kontak.

Die fotos hieronder is by van ons geleenthede geneem. Op die eerste foto is Ep van Lill besig met ‘n voorligting oor 61 Meg Bn se operasies,

57. SAMIVA Memorial Service

Attached please find an invitation for your attention. Please confirm your attendance, if you will be bringing a partner and also if you will be laying a wreath?

SOUTH AFRICAN MILITARY INTELLIGENCE VETERANS ASSOCIATION
MIKE HUXTABLE – SAMIVA SECRETARY
083 408 8527
EMAIL: SAMIVA.SEC@GMAIL.COM | FACEBOOK: SAMIVA
Looking out for our own
ASSISTANCE • SERVICE • REMEMBRANCE • TRADITION • REPRESENTATION • PARTICIPATION

ADMINISTRASIE

58. NTR.

NETWORKING

59. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

60. Food for Thought

If you always do what you always did, you will always get what you always got - Stephan Schoeman

61. Logic in Ireland

Visitor : What is the quickest way to Cork?

Local : Are you driving or walking?

Visitor : I will be driving.

Local : Driving will be the quickest way to get to Cork.

SLOT

62. And on that obvious note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

63. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.